**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* — *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXV — VRYDAG 29 MEI 1970 — NR. 7

J. Heidema
*Kerkstraat 48, Potchefstroom.*
**Telefoon 5319**
**VIR PUKKE**
**DIE FIETSWINKEL**

# CHRISTELIKE POLITIEK IS NIE VOLMAAK

## OOK VERDELENDE FAKTOR

**„ALLES IN DIE politiek is besoedel en geen organisasievorm daarin is volmaak nie. Daarom streef die Christelike politiek nie na 'n aardse Utopia nie", het dr. d'Assonville Dinsdagaand op 'n gesamentlike byeenkoms van Korps Veritas Vincet en P.N.B. gesê. Die bespreking het gegaan oor Christelike politiek en benewens dr. d'Assonville het mnr. Louis le Grange, L.V. vir Potchefstroom, en prof. Hennie Coetzee, hoof van die dept. Volkekunde ook aan die bespreking deelgeneem.**

Dr. d'Assonville het sy standpunt ten gunste van 'n Christelike politiek op treffende wyse met gebeure op die vooraand van die Russiese Rewolusie geïllustreer, en daarop gewys dat hier 'n voorbeeld is van die staat wat sy Christelike roeping, en die kerk wat sy roeping in die staat, versaak het.

Hy het ook o.a. die volgende argumente ter ondersteuning van 'n Christelike politiek aangevoer:

Art. 2 van ons grondwet is die manifestasie van ons erkenning van God se soewereine gesag oor alle lewensterreine, ook die van die staat. Daarmee verwerp ons as volk enige ander uitgangspunt; pragmatisme, demokrasie, selfbeskikkingsreg, ens.

Elke instelling is 'n instelling van God en nie van die mens nie. Alle rewolusies word hierdeur afgesny.

Die Christelike politiek erken die skikking van God van die hele mensheid in volke en state. Dit verwerp summier supermoondhede wat die lotgevalle van kleiner state reël.

**Dr. Verwoerd**

Mnr. Le Grange het die saak uit die standpunt van die politikus benader. Hy merk op dat daar nog altyd die tendens was om die staat as die onheilige en die kerk as die heilige te beskou en geen ruimte aldus vir wedersydse kommunikasie te laat nie.

In die geskiedenis van ons volk het hy op die uitsprake van verskillende politiekleiers gewys.

„My volk is 'n Christelike volk" dr. D. F. Malan.

Suid-Afrika is gelowig" dr. Hendrik Verwoerd.

Ek glo in my mense maar ook in my God. Sy edele min. Vorster.

**Ten slotte het mnr. Le Grange daarop gewys op die onttrekking van die bolaag van ons volk uit die politiek omdat die politiek kwansuis „vuil" is. Daar moet onderskeid gemaak word tussen die draer en die politiek gedagte self, sê mnr. Le Grange.**

Prof. Coetzee, het gevra of die Christen aan politiek mag deelneem? en tweedens of 'n Christelike politiek moontlik is.

**Prof. Coetzee meen dat die Christen nie alleen aan die politiek mag deelneem nie, maar dit trouens ook moet doen. Dit is tog immers die uitvloeisel van die ou dogma; uit die volk vir die volk en omgekeerd.**

Prof. Coetzee meen dat Christelike politiek is moontlik alhoewel dit 'n element van verdeling inhou. Dog, die Christelikheid gee ook aan die politiek sy roeping. Meer nog, die Christelikheid stel ook die grense van politieke mag vas.

## ONTVANG EREGRAAD



**Prof. Helmut Pichler (links) tydens die gradeplegtigheidseremonie waar 'n ere-doktorsgraad aan hom toegeken is. Sy Edele, mnr. Jan de Klerk, President van die Senaat en Kanselier van die Universiteit ken hier die graad aan prof. Pichler toe.**
**(Foto: Fotokuns)**

## NAFSAS KRY TEENSTAND

DIE pasgestigte Studenteorganisasie, NAFSAS het teenstand gekry van sowel Afrikaanse as Engelse universiteite. Mnre. Johan Kruger en Roelf Meyer, S.R. voorsitters van onderskeidelik die P.U. vir C.H.O. en UOVS het in 'n gesamentlike persverklaring hul sterk uitgespreek teen hierdie organisasie. Op die Witscampus is die organisasie toestemming deur die V.S.R. geweier om 'n vergadering te hou.

Die organisasie is gestig om aan die S.A. se universiteite die geleentheid te gee om gedagtes te wissel. Die organisasie stel hom nie op 'n bepaalde beginselgrondslag nie en nie-blankes kan ook lid word van die organisasie.

# *Maatskappy gaan kwartiere vir getroudes oprig*

**DIE VERLIEFDE en verloofde dames se noodkreet van „wanneer kom ons troudag Gertjie?" (Wapad 15 Mei), is binne 'n bestek van twee weke bykans beantwoord. Die Wapad is deur verteenwoordigers van 'n privaatmaatskappy genader wat getroude- en enkelkwartiere vir die studente in die vooruitsig stel.**

Die voorlopige planne is reeds in die finale stadium, en daar word al klaar met die betrokke argitekte onderhandel. Die gebou sal op die hoek van Molen- en Bocherdstraat opgerig word.

Daar sal voorsiening gemaak word vir enkel- en dubbelkamers, asook klein woonsteleenhede.

Sentrale badkamers en geriewe sal tot die inwoners se beskikking wees. Die vertrekke sal ten volle gemeubileerd wees, en die kamers sal wasbakke en miskien ook storte bevat. 'n Sentrale kombuis wat tot al die inwoners se beskikking sal wees, word ook beoog. Dit sal verskeie stowe bevat, genoeg oppervlakte om op te werk, en 'n groot yskas met sluithokkies waarin elke inwoner sy voedsel apart kan bêre.

**Interessante eetboekies word beoog, en vir die studente wat nie self hulle ete wil voorberei nie, is die vooruitsig op drie maaltye wat voorsien word, gunstig.**

**Afgesien van wasgeriewe, sal die nodige sit- en ontspanningskamers ook hulle regmatige deel kry.**

**Vraelys**

Daar bestaan 'n groot moontlikheid dat die gebou reeds teen 1971 betrek sal kan word, en dit blyk die ideale blyplek van veral nagraadse studente, getroude studente en jong, ongetroude dosente te wees.

◆ 'n Vraelys in hierdie verband ◆ word vandag in Die Wapad gevoeg om deur middel daarvan ◆ die behoeftes van belangstellendes vas te stel. Volgens die bevindinge van hierdie vraelyste ◆ sal die finale planne opgetrek ◆ word. Belangstellendes word ◆ versoek om die vraelys te voltooi en dit in bussie nommer ◆ 215 in die administrasie te plaas, ◆ of by die S.R.-kantoor te besorg. ◆ Belangstellendes kan verdere navrae doen by die sekretaris by ◆ telefoon 6958 of 6286.

### STUDENTEMENING



**Die toekenning van die Hertzogprys het hierdie jaar weer vir beroeringe gesorg. Lees wat sê mej. Emmerentia Steyn in ons rubriek „Studentemening" op bls. 4 oor die optrede van die Akademie. Mej. Steyn het verlede jaar Honns. B.A. (Latyn) verwerf en het hierdie jaar ingeskryf vir U.O.D.**
**(Foto: Fotokuns)**

## Van Rensburg beseer

DIE THEOS sal dalk geruime tyd sonder hulle kaptein, Jimmy van Rensburg, moet klaarkom. Verlede Saterdag teen Rustenburg is sy skouer beseer en hy sal ten minste drie weke moet rus.

Volgens 'n geneesheer is daar van die spiere in die skouer dalk geskeur. Van Rensburg is egter vol moed dat dinge nie so ernstig is, as wat vermoed word en dat hy aanstaande Saterdag teen Klerksdorp sal speel.

Dit sal 'n kwaai terugslag vir die Theos wees indien Van Rensburg se skouer ernstig beseer is. Sy besielende kapteinskap is een van die redes van die Pukke se sukses en ons gaan hom nodig hê teen Klerksdorp en Strathvaal. Albei wedstryde is van die allergrootste belang, indien die Pukke vanjaar die liga wil wen.

Intussen het die staatmaker van 'n paar jaar gelede, William Scott, Van Rensburg se plek ingeneem in die wedstryd teen Natal.

### Daar he'jy dit




DIE PROFFIES DRAF WEER KLAS . . .

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

# Akademici se aangename toetsweek is verby

**DIE B.A.-FAKULTEIT se toetsweek is verby, en die roetine van klasdraf behoort alweer mooi herstel te wees. Maar wat word nou van al die akademici wat 'n hele week in hulle sewende hemel van geluk was? En wat van die arme non-akademici wat met verskeurde en verflenterde senuwees geslaan is, en baie hard moet poog om weer hulle sosiale lewe op sy ou ereplek, naamlik eerste en heel bo, te laat plaasneem?**

Laat ons eers kyk na die akademiese wrakke en wrakkinne. Die twee weke wat nou net verby is, was vir alle Lettere en Wysbegeerte-wrakke en wrakkinne 'n ware „wittebroodsvakansie", want hulle het in alle opsigte hulle sin gekry. Daar was redelike stilte, aangehelp deur die genotvolle gille van „STILTE!", ook in teetyd.

**Laat en vroeg**

Die ligte van die laatopblyers en die vroegopstaners het vieruur in die oggend so saam-saam gebrand, en menige boek het met heelwat dunner blaaie, soms blaaie wat deurge„swot" is, die nuwe klasdrafweek begin.

Hoe heerlik, spesiale tyd net vir hulle, sodat daar ge„swot" kan word. Die biblioteek, waar hulle in elk geval meeste van die tyd deurbring, het bewus geword van 'n dieper erns, want dit is nie gewone kwartaal„swot" hierdie nie, maar toets„swot". Ag ja, gun hulle ook die tydjie.

Maar wat nou van die res, die oorgrote meerderheid wat non-akademici en non-wrakkinne is? Hulle moes maar in stilte ly en kyk hoe hulle „swottende" maatjies die boeke verslind, terwyl hulle hande-in-die-hare sit en wonder hoe kry 'n mens soveel kennis en wysheid in jou kop as dit dan nou nie self wil inspring nie.

**Vragtevol trane**

**Die biblioteek het nuwe gesigte gesien, sommige vir die eerste keer hierdie jaar, en menige kussing het dit ontgeld deur vragtevol trane. Daar is meer as een keer knorrig gehap na 'n vriend of vriendin wat maar net 'n onskuldige vragie gevra het, en frustasies is uitgehaal op mens, dier en ding.**

Vir hierdie mense was die twee toetsweke 'n marteling en kastyding vir iets wat hulle nie gedoen het nie, en nie kan help nie. Moedeloosheid was gedurende hierdie tyd die wagwoord, en heelwat pille en medisyne moes help om die balans te hou. Maar nou is dit verby, en hulle kan weer asemhaal sonder vrees.

**Weer verdriet**

Wat bly egter nou oor, behalwe die uitslae wat so diep kan slaan in menige lewe? Vir die wrakke en wrakkinne bly daar nou weer oor vyf weke van smarte en verdriet, want daar is nooit stilte nie, en dit lyk nie eens asof daar nog so iets soos akademie aan die universiteit gegee word nie, want intertees en gesellighede, vergaderings en sport maak inbreuk op hulle „swottery".

Maar juig, vir die normales en dié wat nog 'n balans hou tussen akademie en sosiale verkeer, lê 'n rustige tyd voor, behalwe vir die referate wat soms 'n inbreuk maak op die rustigheid. Hulle kan na hartelus die verrinneweerde senuwees kans gee om weer te herstel, en in teetyd kan daar weer lustig geraas word sonder die gevaar van 'n besemstok teen die muur of 'n afkop.

In die ander fakulteite moet die twee groepe maar saam aankarring, en elkeen moet maar die beste van 'n baie slegte saak probeer maak — die wrakke omdat hulle wil leer terwyl die ander wil ontspan, en andersom.

KOLLEGE DIENSSENTRUM

Studente ! !

Julle ken almal

Oom Chris Coetzee

# OOR DIE ONDERDEUR

EK HET griep en ek is lus vir niks nie. Maar hulle sê mos daar kom tye wat jy móét — of jy wil of nie!

*Dinie Malherbe* se ogies blink,
*Jannie Venter* wil net glasies klink,
Ag kom nou twee plus twee is mos vier,
Hul sleep nou vas en is ene vuur.

(Ek gee toe ek is 'n swak digter.)

As Gé Korsten Zeeeeeeman aanhef, skakel *Esther Holtzhauzen* die radio af. Haar hero, wat oor tien dae kom kuier is glo in die vloot. Sy naam word egter met 'n donkiekoppigheid verswyg.

Liberalia en Klawerhof se kys word immers verstewig deur die inhoud van die betrokke koshuise, wat mekaar so besleep. Neem nou maar bv. vir vir *Eben Roodman* en *Elsabé Alberts*. Dan is daar nog my ou *vriend* wat met my *maatjie* sleep . . . O ja, en liberaal *Francois Ströh* sleep met *heldin Heloïse Burger*.

Speel speel ons is in 'n speelgoedkas. Bliksoldaat *Potgieter* van die lugmag is besig om slaappop *Sonia Arnold* se hare te trek . . . liefde met gevoel. Dit terwyl *Henriëtte Brand* en *Dawie* in 'n Dinky Toy rondjaag. (Hierdie speelgoed manier wil nie so lekker uitwerk nie. Ek het te lanklaas gespeel.)

Die volgende ouens is glo so bekend dat ek nie eers hulle name hoef te skryf nie, *Dinise* en *Thys* (wie's *dit?*). *Nesta* en *Margarine*, ag ek bedoel *Botter*, en *Elna* en *Jan*. So van Elna gepraat. *Elna du Plessis* „beam" — Koos Lee speel mos Wes-Tvl. rugby. (Ek moes so pas my neus toedruk om die tee te kan inkry!)

*Rina Fourie* van Oosterhof,
Se hart klop deesdae alte rof,
Die man se naam? *Johan van der Watt*.
My digterlikheid het my weer eens in die steek gelaat.

Thalia was in meer as een geval al cupido. *Solly Thomas* en *Ingrid Lange* kan maar weer eens getuig hiervan. Hulle is stewig op die spoor van duisende voorgangers.

*Rina Ras* wil telkens Pretoria toe ‚march' na tukkie *Barry Niemand*. En *Marietjie Roets* sê: naby jou goed ver van jou skade. Noudat *Willie Badenhorst* weer terug is, gaan alles voor die wind.

Ou *Ben Pelser* moenie dink sy senioriteit in ouderdom gaan hom laat vryspring nie. Juffrou *Alma Pretorius* van die konserv. vul sy hart tot op die rand.

Nou volg daar twee interessante brokkies nuus: op Klawerhof se koshuisvergaderings is bekend gemaak dat die stoeiers voor die koshuis (enige tyd van die dag) beboet gaan word. Grappie! Man: „Totsiens my liefie . . . net 'n laaste enetjie . . . (Sluit oë in gelukSalige afwagting . . .) Dame: (half histeries) „Oe nee liefie, hulle gaan ons beboet, ons moet sterk wees!"

Die Bantoewerknemers by Kulu sê toe mos nou die dag hulle sleep nie meer in Klawerhof nie: „Die Klawerhof meide is te ‚opstêrs'." Hulle sleep nou met die Oosterhof Bantoedames!

Op hierdie kosmopolitiese noot aan die duskant van die onderdeur sluit ons dan af. Volgende keer kan julle weer storie lees: ek moet eers my ‚nursery tales' opswot.

Onthou julle moet sterk wees!!

Cheers!

# UIT DIE STUDENTEPERS

**Wits en Natal:**

Politiek staan weer in die branding nadat daar in die afgelope tyd 'n taamlike windstilte was. In Pietermaritzburg is John Aitcheson, die M.A.-student, onthef van die verbanningsbevel waaronder hy die afgelope vyf jaar geleef het. Nux wys daarop dat Aitcheson lid van die Liberale Party was, en 'n uitgesproke anti-kommunis.

**In Wits is daar betoog teen die aanhouding van 21 mense kragtens die Wet op die bestryding van terrorisme. Die standpunt van die Witsies was dat geen burger aangehou moet word as daar nie 'n wettige klagte teen hom is nie.**

Verskeie buitestaanders het hulle met die Witsies se standpunt vereenselwig, o.a. mev. Helen Suzman en mnr. Joel Carlson, amptelike waarnemer vir die Internasionale Juristekommissie. In die Wits Student van 17 Mei het prof. Dugard van die dept. regte, die aanhouding van die persone skerp veroordeel.

**Port Elizabeth:**

In die UPEN van 4 Mei, ontleed mnr. H. O. Terblanche die moontlikhede van studenteskakeling in Suid-Afrika en hoe hierdie skakeling die Afrikaanse student en sy standpunt gaan raak. Wat kontak tussen Afrikaanse studente betref, stel mnr. Terblanche 'n jaarlikse konferensie van S.R.-voorsitters voor waarby slegs die Afrikaanse universiteite betrek word. Kontak tussen Engelse en Afrikaanse studente skuif hy op die lange baan totdat die Engelse studente hul aandrang op nie-blanke verteenwoordiging laat vaar. Sou dit nie dalk uiteindelik neerkom op afstel nie?

Wat die kontak met nie-blankes betref, stel hy voor dat daar nie kontak ter wille van kontak moet wees nie. Ook moet kontak slegs in noodsaaklike gevalle geskied. Ons wonder wie gaan bepaal wanneer is noodsaaklik noodsaaklik?

**Matieland:**

In die Matie van 1 Mei raps Michiel le Roux sy medestudente oor hulle belangeloosheid wat aktuele sake betref. Meestal is die studente tevrede om in die massa te beweeg en toon hulle weinig private inisiatief. As dit die reaksie van 'n Matielander op sy alma mater is, wat sal die Pukke van hierdie dinge sê? Die biele met 'n spantou tot verantwoording roep?

**Pote:**

Daar heers glo konsternasie onder die Pote-asters oor die Bantoewerkers in die koshuise wat benewens die feit dat hulle steel, ook die dames „aankyk". Moenie ontsteld wees nie, meisies. Elke huis het sy kruis. By ons is daar weer altyd 'n ou hondjie wat die openbare rus en orde bedreig.

# Fransman leer Pukke Frans

**'N NEEF van die voormalige Franse Eerste Minister, mnr. Couve de Murville, is onlangs aan die P.U. aangestel. Hy is mnr. Francois Vieljeux, wat tot einde 1971 benoem is as dosent in die departement Frans.**

Dit is waarskynlik die eerste keer dat 'n Suid-Afrikaanse universiteit van 'n skema van die Franse Regering gebruik maak om gegradueerde personeel d.m.v. die Franse Minister van Buitelandse Sake aan te stel.

**Parysenaar**

Mnr. Vieljeux, wat in Parys gebore is, het sy opleiding aan die Universiteit van Straussburg ontvang. Hy is tans besig met sy M.A. (Licence). Tydens 'n studiereis na die Verenigde State het hy vyf maande lank aan die Universiteit van Colorado gestudeer.

Tydens 'n vorige besoek aan Suid-Afrika het mnr. Vieljeux reeds heelwat vriende gemaak. Hy het egter ook familie hier, nl. die Franse ambassadeur in Suid-Afrika, Baron De Luze. Albei is afkomstig van **La Rochelle in Frankryk.**

ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORTDRAG

POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE

UNIEWINKELS

DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)

POTCHEFSTROOM

PARADISE RESTAURANT

- Dié kafee op die Bult met lugverkoeling
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

Tomstraat 86 Tel. 5474

# DOSENTE LOOP KLAS MAAR SKRYF NIE EKSAMENS

**DOSENTE AAN die Puk moet weer klasdraf. Met bril op die neus, boeke onder die arm en so 'n haastige drafstappie om tog net nie laat te kom vir hulle lesings nie, kom dit al te belangrik voor. Voorwaar 'n genot vir enige regdenkende student om te aanskou! Van die jongstes wat so pas begin doseer het, tot die oudstes wat al legendariese figure op die P.U. is, skarrel van tyd tot tyd in die Frans du Toit-gebou rond om hulle klasse by te bring.**

Die tersiêre opvoeding, met prof. S. J. Preller aan die hoof, het in April begin fungeer. Dit is 'n een jaar kursus, en dit staan enige dosent van die P.U. vry om daarvoor in te skryf, al dan nie. Die doel van die kursus is veral om die dosente daartoe te help om die ontmoetingssituasie met die studente te omskep en te struktureer tot 'n opvoedingssituasie.

**Afgerolde lesings**

**Deur hierdie kursus verkry die betrokke dosente helderheid aangaande die doeleindes van die universitêre opvoeding, die aard, probleme en regte benadering van die student, die roeping en opleiding van die dosent, die Christelike wetenskap, beginsels en metodes in die onderwys, tug, die administrasie en organisasie van die universiteit, ens. Kortom, hulle doen al die kennis op wat noodsaaklik is vir enige verantwoordelike dosent wat effektief wil doseer.**

Die lesings word deur die biblioteek afgerol en die dosente word na die betrokke lesing, elk van 'n kopie voorsien. Die klasse is in die week van Maandag tot Vrydag in die oggend, middag en ook saans. Dit duur slegs die gewone veertig minute.

**Oor Studente**

Referente soos proff. S. J. Preller, A. G. Coetzee, B. C. Schutte, T. A. van Dyk, W. J. de Klerk, W. N. Coetzee, H. C. van Rooyen, ens. asook die registrateurs, direkteur van ontwikkeling, ens. tree van tyd tot tyd op. Na die lesing is daar tyd vir vrae en besprekings.

Interessante temas soos die student die probleme en voorligting van die student, die benadering van die student in die opvoedkundige situasie, die moderne universiteit en die samelewing, die ensiklopedie van die wetenskap, Christelike wetenskap en opvoeding, enkele beginsels en metodes soos doelgerigtheid, die totaliteitsbeginsel, die aktiwiteitsbeginsel, ens., het reeds aandag geniet.

**Geen eksamen**

**Hierdie tersiêre opvoeding geniet wye belangstelling en is tot dusver baie suksesvol. Die betrokke dosente wat genader is, het almal waarderend gepraat oor die kursus, hoewel sommiges dit aardig vind om by hulle kollegas te moet leer.**

Twee van die geagte Professore het laggend opgemerk: „Dis ook maar goed ons hoef nie aantekeninge af te neem en eksamen te skryf nie, want dan weet ons nie so mooi nie." Dit is vir die studente die grootste teleurstelling, omdat hulle al die tande geslyp het om rustig die jaarsyfers op die kennisgewingbord te besigtig!



Dosente luister aandagtig na 'n lesing. Soos gesien kan word het hulle nie nodig om aantekeninge af te neem nie, want hulle kry afgerolde aantekeninge.

(Foto: Fotokuns)



DIE WITSIE BETOGING WAS 'N ABSOLUTE SUKSES.

# Ontmoet...



(Foto: Fotokuns)

*...'n Tannie wat die kuns om pienk koshuistee te maak, lakens uit te deel en die koshuis kraakskoon te hou, lank al reeds verstaan — mev. E. Kamffer.*

*In Aprilmaand was mev. Kamffer nie minder nie as tien jaar op die Puk. Sy was eers huismoeder in Thabajäh, en sedert voorverlede jaar ook in Kulu. Sy het reeds afgetree, maar neem nou tot Juliemaand waar in Klawerhof.*

*Vroeër was mev. Kamffer 'n huisvrou. Sy het drie kinders en nege kleinkinders.*

*Oor die dae „laas toe ek gelewe het", kan mev. Kamffer baie vertel. Volgens haar is dit vandag waar 'n mens net 'n knoppie kan druk vir elektriese lig, musiek en warm water wonderlik om te lewe. Die jongmense van vandag verwonder hulle nie meer daaraan nie.*

DELWERYE

*„Die mense is vandag baie meer welvarend — daar is nie 'n vergelyking met die verlede nie!" Mev. Kamffer onthou nog die jare van die delwerye toe mense uitgeboer en in vreeslike armoede gelewe het. (Sy het haar jeug en skooljare op Sannieshof en Lichtenburg hoërskool deurgebring. Haar vader was die eerste onderwyser daar).*

*Mev. Kamffer het ook 'n pluimpie vir die jeug van vandag: Hulle is oorspronklik en baie oorspronkliker as die jongmense van haar tyd. „Ek verwonder my daaraan wat studente in die koshuis doen wanneer hulle bv. 'n middernagfees hou. En kyk maar net hoe oorspronklik was die karnaval nie gewees nie! Jongmense is vandag egter in die opsig anders dat hulle optrek teen gesag wat miskien nie eers nodig is nie. Net mynwerkers het vroeër gestaak. Dink aan die jare 1912 en 1922".*

*Die lewe het vandag 'n baie vinnige tempo en sy gewaar dit in die koshuis. Dikwels is mev. Kamffer maar te bly as die son ondergaan na 'n dag se gebeurlikhede, „maar dis lekker", sê sy, „ek sal nooit wil leegsit nie".*

*Mev. Kamffer is lief vir kunsnaaldwerk- en skilderkunsuitstallings. Sy waardeer musiekuitvoerings en vind lees die heel beste tydverdryf.*

# P.U. MOET MENSE LEER OM TE ADVERTEER

**IN 'N ONLANGSE vergadering voor die Ekonomiese Vereniging, het mnr. J. Strijdom, van 'n bekende advertensiemaatskappy in Pretoria, 'n lesing gelewer oor die bedryfsekonomiese en bedryfsielkundige aspekte van die reklamewese.**

In sy lesing het hy o.a. verwys op die gebrek aan Afrikaans in die reklame bedryf, en dit prakties toegelig met voorbeelde. Hy het beklemtoon dat hoewel die toestand die afgelope jaar of drie aansienlik verbeter het, daar nog baie teen Afrikaans in die bedryf gediskrimineer word.

Mnr. Strijdom het die moontlikheid geopper dat die P.U. sterk daaraan moet dink om die vak „advertensiewese" in te stel, veral waar ons vakke soos distrubusiehandel en perswetenskap aanbied. Hy het daarop gewys dat UNISA wel 'n kursus in advertensiewese aanbied, maar dit nie tot sy reg laat kom by gebrek aan vakke soos wat plaaslik wel aangebied word. Die P.U. met sy ander kursusse in hierdie rigting, bied die grootste moontlikhede. Die aanvraag na persone wat voldoende kennis oor die advertensiewese besit word al hoe groter in die bedryfswêreld.

Dit is jammer dat daar nie meer van Potchefstroom se sakelui op teenwoordig was nie. Mnr. Strijdom het baie uitgebrei op die voordele wat reklame meebring vir die onderskeie bedrywe. Dit is vir enige sakeman van kardinale belang.



Mnr. P. Strijdom (middel) direkteur van 'n advertensiemaatskappy in gesprek met mej. E. Grace, en mnr. J. Ligthelm, twee bestuurslede van die Ekonomiese Vereniging kort voor sy lesing.

(Foto: Fotokuns)


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5038





Die winkel waar

die kieskeurige dames koop.



U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ PLATE

by

PRO REGE-PERS BEPERK

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

die WAPAD

VRYDAG 29 MEI 1970

# AFRIKANERSTUDENT EN DIE WITSBETOGING

Soos in die verlede, sal die Witsbetogers en hulle liberale geesgenote op ander Engelstalige campusse weinig simpatie vanuit die geledere van Afrikaanse studente vir hulle pas gehoue protesoptogte kry. Indien dit enkel en alleen gegaan het teen die ondermyning van die sg. ‚rule of law' in Suid-Afrika, soos wat hierdie mense voorgee, sou die saak baie eenvoudiger gewees het.

Maar as in gedagte gehou word wat die verklaarde oogmerke van hierdie aangehoudene persone (waaroor die bohaai gaan) is; Nusas se vorige onpatriotiese simpatie met hierdie sg. „vryheidsvegters" en die integrasionistiese idees wat van hierdie campusse straal, is die rede vir die wrewel van die Afrikaanse studente duidelik.

Dit sou egter jammer wees as die Pukstudente hierdie optredes as onchristelik, onpatrioties en liberalisties veroordeel, hulle hulself gelukwens dat hulle hul nog nie aan sulke reaksionêre optredes skuldig gemaak het nie, en die saak as afgehandel beskou. Baie van hierdie proteste het sy wortels in ons bevolkingsvraagstuk en die breë landsbeleid wat toegepas word en daarom is dit ook 'n saak wat ons intiem raak.

Getrou aan die liberale gees van hierdie inrigtings, ontken hierdie studente die bestaan van verskille tussen volke en daarom word die beleid van afsonderlike ontwikkeling met alle mag beveg.

Protes teen maatreëls wat onder sekere omstandighede redelik kan wees is dus verstaanbaar. Sulke maatreëls word dan aangegryp om dan ook die ontevredenheid met 'n bepaalde maatskaplike stelsel te kenne te gee.

Ons taak hou dus nie op by kritiek teen betogings van hierdie aard nie, maar ons moet alles in werking stel om ons bevolkingsvraagstuk op te los op dié bepaalde wyse wat ons glo die beste is. Dit is 'n vraagstuk wat oor 'n dekade of twee dalk geweldige afmetings kan aanneem.

As die gebeure van die afgelope weke in gedagte gehou word, is dit duidelik dat die druk van buite steeds sal toeneem op S.A. Veel groter is egter die gevaar om die binnelandse druk die hoof te bied. Daarom sal ons as Suid-Afrikaanse studente deur kritiek en deur daadwerklike optrede moet poog om die knelpunte in ons samelewing geleidelik uit te skakel. Dit nie alleen terwille van selfbehoud nie, maar bowenal om geregtigheid toe te pas.

Dit is daarom verblydend dat daar tekens is dat die Afrikaanse student ook die dringenheid van hierdie saak begin insien. In die oplossing daarvan mag ons nie langer huiwer nie, maar aan die anderkant moet ons versigtig en deurdag optree en konsekwent en onwrikbaar by ons beginsels staan.

# DIE S.A.B.?

Dit kom voor asof die voorgestelde Sentraal Akademiese Bestuur nog nie die nodige aandag op ons campus gekry het nie.

Die besture en die lede van die verskeie akademiese verenigings het blykbaar nog nie die volle geleentheid gehad om die voor- en nadele van hierdie instelling te weeg nie. Aangesien hierdie bestuur, indien dit wel ingestel word, groot veranderinge in ons georganiseerde studentelewe sal teweeg bring, is dit noodsaaklik om genoegsaam hieroor te debatteer.

Daarom is dit belangrik dat daar duidelikheid by die studente moet kom oor die noodsaaklikheid, wenslikheid, werklike voordele en aard van hierdie instelling. So kan enige vooroordele wat mag bestaan uit die weg geruim word.

Alleen dan kan die lede van die verenigings besluit of dit tot hulle akademiese voordeel strek en in belang van die Pukstudent sal wees.

DIE

INSLEEP RESTAURANT

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

# *HERTZOGPRYS:*

# QUO-VADIS, AKADEMIE

**DAAR IS DIT toe weer so: die jongste Hertzogprystoekenning val soos 'n H-bom in die afwagtende geledere van sowel letterkundiges as die lesende publiek. Teen hierdie tyd is ons mos al gewoond daaraan dat hierdie hoogste literêre bekroning opslae maak, maar die laaste sewe dae was stellig die ergste sedert dié by die Silbersteins.**

Laat ons egter eers let op die „waarvandaan" voordat ons die „waarheen" probeer volg.

Toe daar in 1907 aan die Vrystaat Verantwoordelike Bestuur toegeken is en die beginsel van tweetaligheid volledig erken is, stel genl. J. B. M. Hertzog, destydse Minister van Onderwys, 'n nuwe onderwyswet op wat o.a. die dubbelmedium in skole verpligtend maak. Dit het natuurlik verset uitgelok by eentalig-Engelse onderwysers en so het 'n geweldige stryd ontbrand.

**Lastersaak**

Uiteindelik is 'n lastersaak teen genl. Hertzog aanhangig gemaak, na aanleiding van 'n vraag wat op 'n politieke vergadering aan hom gestel is. Die Vrystaatse publiek het 'n bedrag van £2,272 ingesamel om die hofkoste van die saak te bestry. Die £1,200 wat hiervan oorgebly het, is later aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gegee om met die rente op dié bedrag die beste letterkundige werk in Afrikaans te bekroon.

## Studente-mening

Dit staan bekend as die Hertzogprys. Die kernbepaling van die skenkingsakte was dat slegs **eersterangse werk** bekroon sal word.

**Smeulende ontevredenheid**

**Die prosedure van toekenning is deurdie jare dikwels gewysig en na meer as vyftig jaar lyk dit nie of daar al tot 'n bevredigende modus operandi gekom is nie, trouens, dit wil voorkom asof die smeulende ontevredenheid in die binnekringe van die Akademie self nou eers ten volle aan die lig kom.**

Die huidige krisis het ontstaan toe die Akademieraad, by wie die finale beslissing oor die toekenning berus, die meerderheidsverslag van die Letterkundige Keurkomitee ten gunste van Etienne Leroux en die hoof gesien het ten gunste van die minderheidsverslag en die prys aan Karel Schoeman toegeken het. Dieselfde het gebeur by die toekenning van 1934, 1935, 1940 en 1943.

**Hinderlike vrae**

Daar is dadelik 'n paar hinderlike vrae wat hieruit opduik. As die Akademieraad na willekeur 'n meerder- of minderheidsverslag kan aanvaar, wat is die posisie van die Letterkundige Keurkomitee? Waarom is daar dan nog 'n Keurkomitee as die Raad nie bereid is om sy eie komitee, wat hy tog seker as bevoeg moet beskou, se aanbeveling op meerderheidsgrondslag te aanvaar nie?

**Daar is dus met alle reg beweer dat sodanige optrede die bestaansreg van die Keurkomitee aangetas het, ook in sy adviserende hoedanigheid.**

Een van die argumente teen die toekenning van die prys aan Le-

★ *Vervolg op bladsy 6*

## Uit die Woord

# DIE AGTERDEUR WORD GESLUIT

*Maar toe hy spreek oor geregtigheid en selfbeheersing en die toekomstige oordeel, het Felix baie bang geword en geantwoord: Gaan vir hierdie keer heen, en as ek geleentheid vind, sal ek jou laat roep. En tegelykertyd het hy ook gehoop dat geld aan hom deur Paulus gegee sou word om hom los te laat. — (Hand. 24 : 25, 26).*

*Om altyd 'n agterdeur oop te hou skyn 'n baie veilige beleid te wees. Wanneer 'n mens dan figuurlik gesproke in 'n hoek gedryf word, is daar altyd nog 'n uitkomkans.*

*Dit was die lewensinstelling van goewerneur Felix in die tyd van Paulus, want hy het alle rede gehad om te vrees dat hy een of ander tyd vasgetrek sou word. Met die verhoor van Paulus het hy die noodsaaklikheid hiervan besef, want aan die een kant het die Jode geskreeu: Maak Paulus dood! en aan die ander kant was daar die keiserlike troon in Rome wat geregtigheid geëis het.*

*Paulus bring egter vir Felix en ons voor die Goddelike eis van geregtigheid en selfbeheersing en voor die toekomstige oordeel.*

*Felix het ver tekortgeskiet in geregtigheid want anders sou hy geen probleem met die uitvoering van die reg in Paulus se geval gehad het nie en later gehoop het dat geld deur Paulus aan hom gegee sou word nie. Ook sy selfbeheersing het ontbreek want hy was bekend as 'n wellustige wat sy vrou, Drusilla, van 'n ander koning laat afrokkel het. Hiervoor het Felix nog raad gehad want hy kon altyd nog op een of ander slinkse manier mense om die bos lei.*

*Toe Paulus spreek van die toekomstige oordeel het Felix besef dat daar 'n hoër Regter was as hyself. Hierdie Regter eis geregtigheid en selfbeheersing en daarom het hy baie bang geword. Nou het Paulus die agterdeur vir hom toegemaak. Dit was nie meer Paulus wat in die beskuldigdebank voor die aardse regter gestaan het nie, maar Felix wat voor die regterstoel van die Hoogste Regter moes plaasneem.*

*So moet ons ook besef dat wat ons hier op aarde verrig, moet wees ooreenkomstig God se eis van geregtigheid en selfbeheersing. Dit sal nie baat om vir die laaste oordeel 'n agterdeur oop te hou nie. Ons het die troos ontvang dat ons in die verlossing wat Christus vir ons bewerk het, met vrymoedigheid deur die voordeur kan uitgaan, Hom tegemoet. Laat ons dan volgens God se eis lewe.* S.V.

# REDAKSIE

**Hoofredakteur:** Dawie Swanepoel

**Subredakteur:** Johan Preller — tel. 6701

**Sosiale redaktrise:** Louisa van der Vyver — tel. 2119

**Politieke redaktrise:** Henriëtte Murphy — tel. 3214

**Akademiese redaktrise:** Elsabe Smuts — tel. 2039

**Sportredakteur:** Phillip Otto — tel. 2172

**Asst.-Sportredakteur:** Dawid van Rooyen

**Kunsredaktrise:** Retha Coetzee — tel. 2071

**Fotoredakteur:** Ben v. d. Walt — tel. 7088

**Fotograaf:** Flip Dwinger

**Sekr. Penningmeester:** Johan Ligthelm — tel.

**Spotprenttekenaar:** Andre Schutte — tel.

**Sirkulasiebestuurders:**

Francois Kruger — tel. 2030

Louwtjie Naude — tel. 2030

**Sosiale verslaggewers:** Rheta le Roux; Elma Carstens; Maria Scheepers; Elsa Venter; Johan Yssel; Maria van der Walt; William du Toit.

**Politieke verslaggewers:** Nina Venter; Katrientjie van Rensburg.

**Akademiese verslaggewers:** Barbera de Klerk; Elize Pienaar.

**Sportverslaggewers:** Pieter Oosthuizen; Ria de Klerk; Riana Fourie; Elsabe van Wyk.

**Kunsverslaggewers:** Nicolène Marais; Quinta Kruger; Liesbet Groenewald.




Die twee dames op bygaande foto, Johanna Badenhorst en Linda Snyman van Klawerhof kry heerlik warm, steur hulle nie aan geamuseerde onderlangse kyke nie en gaan mal op hulle midi's. Oor die algemeen lyk dit egter of die modeverskynsel, afgesien van sy kuise inslag, maar skrikkerig is om op die Puk oor te neem. Tog trek dit heelwat aandag van die mans as ons dink aan 'n toneeltjie vandag op die kampus. Annilize Coetzee stap lustig voort terwyl die mans ewe lustig fluit, en sommige oningewydes giggelend vra: „Hei, het jy ook die maksi gesien?"

(Foto: Fotokuns)



So lyk dit as Uitspan se manne in die aand teekan toe staan.
(Foto: Fotokuns)



Die S.A.S. en H. het nou 'n vlagman by die gevaarlike spooroorgang in Meyerstraat. Hier word studente gewys op die aankomende verkeer.
(Foto: Ben van der Walt)



Mnr. A. Bird (links) verduidelik aan 'n groepie eerstespanspelers 'n paar fynere kunsies. Die spelers is van links na regs Piet Brand, Jannie Barnard, Dawid van Aswegen, Gerrit Botha, H. Coetzee en Jim van Rensburg.
(Foto: Fotokuns)



Wie sê die studente lewe nie in weelde nie?
(Foto: Ben van der Walt)

# REGSINTERVARSITY OP P.U. WITSIES ONTTREK

**DIE REGSVERENIGING bied in Junie vanjaar die regsintervarsity aan op eie bodem. Soos in die verlede is dit een van die onvergeetlike dae in die lewe van 'n regstudent waar hy die geleentheid het om met ander universiteite se regstudente te kan kompeteer op elke denkbare terrein.**

Vanjaar het die Witsies hulle egter onttrek uit die byeenkoms omdat, soos hulle dit stel, die byeenkoms nie oop is vir regstudente van alle rassegroepe nie. Die voorsitter van die P.U. Regsvereniging het gesê dat die beleidsverandering op Wits ingetree het; dat die byeenkoms in die verlede altyd deur lede van die blanke rassegroep bygewoon is op die P.U. campus èn dat daar nie nou rede bestaan om dit te wil wysig nie.

### P.U.-beleid

As die reëlings van die P.U. vir Wits in die verlede kon pas, is dit nie in te sien hoekom dit nou nie meer ooreenkomstig die P.U.-beleid gehou kan word nie.

Daar word nog na 'n geskikte datum gesoek wat beide RAU en TUKS tevrede sal stel en dit sal òf 13 òf 20 Junie wees.

Die jaarlikse funksie van die Regsfakulteit vind op 14 Augustus plaas. Vanjaar neem dit die vorm aan van 'n kaas-en-wyn geselligheid en word alle regstudente daaraan herinner om die datum oop te hou en die wette opsy te skuif.

### S.A.B.

'n Verdere beroep word op die regstudente gedoen om die kennisgewing van die volgende algemene vergadering dop te hou. Op die vergadering moet die regstudente besluit of hulle onder die Studenteraad wil patroneer al dan nie. Die vraag het ontstaan na aanleiding van 'n skrywe, deur die S.R.-voorsitter aan die onderskeie akademiese verenigings, waarin 'n behoeftebepaling gemaak wil word met betrekking tot die inlywing van die verenigings onder die Studenteraad, onder die voorgenome Sentraal-Akademiese Bestuur.


**GOEIE KOS ! FLINKE DIENS ! u tevredenheid is ons PLESIER !**

**BAILIEPARK PADKAFEE**

(Langs die Johannesburgpad geleë).
Besit ook dranklisensie

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670





**CACHET APTEEK**

**DIE STUDENTE-APTEEK**

**Agente vir:**

REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPERPARATE

TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS

**Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens**

**FOON 4201**

**TOMSTRAAT 92.**

**Groot genoeg om te bedien — Klein genoeg om u te ken.**



Lede van die Perdekommando wat verlede jaar aan die rit van Burgersdorp deelgeneem het. Links op die foto is mnr. Bertie Pretorius. (Foto: Fotokuns)

### HERTZOGPRYS

★ *Vervolg van bladsy 4*

roux was dat hy dit alreeds ontvang het vir 'n vorige prosawerk. Tog stel die jongste gewysigde bepalings dit so dat 'n skrywer wel meer as een keer die prys vir werk in dieselfde genre kan kry, indien sy ontwikkelingsgang 'n stygende lyn toon.

**Soort troosprys**

Die Keurkomitee is tog seker bevoeg om oor laasgenoemde vereiste te oordeel en het dit klaarblyklik van toepassing gevind in die geval van Leroux se jongste werk. Die feit dat hy reeds tevore die toekenning ontvang het, kan nie as argument dien nie, want dit is die **werk** wat bekroon moet word en nie die **skrywer** nie.

Die skenkingsakte bepaal baie ondubbelsinnig dat slegs werk van die hoogste gehalte bekroon moet word. Die prys word egter aan Schoeman toegeken, omdat hy 'n „belowende" skrywer is en wel sekere „verdienstes" het. Maar is dit die doel van die Hertzobprys? 'n Soort van troosprys of aanmoedigingsprys vir skrywers oor wie daar van letterkundige kant ernstige bedenkinge bestaan? Of is daar meer as net letterkundige oorwegings op die spel?

**Nooit verlaag**

'n Skrywer wat een keer die peil van die Hertzogprys bereik het en daardie selfde hoë standaard handhaaf of selfs verbeter, se werk behoort bekroon te word totdat daar iemand kom wat beter as hy is.

**Op die manier kan die standaard van die Afrikaanse letterkunde verhoog word, maar die standaard van 'n hoogste litêre toekenning soos die Hertzogprys mag nooit verlaag word nie.**

Die verdeeldheid binne die Akademie skep verder verwarring by die belangstellende lesende publiek. Die Hertzogprystoekenning is vir die leek 'n belangrike aanduiding van die rigting waarin die Afrikaanse letterkunde ontwikkel en van watter werk op 'n bepaalde tydstip as die beste van sy soort beskou is.

Op die oomblik lyk dit egter of die Akademie 'n bietjie opgeskeep is met die toekenning en nie weet wat hy daarmee wil maak nie, met omslagtige, wankele prosedure en al. Dit is tyd dat daar weer eens ernstige besin moet word oor die doel van die Hertzogprystoekenning en die beste manier waarop dit gedoen kan word.

# PUK-STUDENTE WIL 'N RYSKOOL STIG

**DAAR IS omtrent nie een sportsoort waarvoor daar nie voorsiening gemaak is op die Puk nie, en elkeen van hierdie word ook by die ander universiteite aangebied. Maar daar is nie 'n ander universiteit wat al daaraan gedink het om ook 'n ryskool te stig nie, en juis op hierdie gebied wil die Puk nou die voortou neem.**

Mnr. Bertie Pretorius het verduidelik wat gedoen moet word om so 'n ryskool te stig, en ook waar die idee vandaan kom. Toe die Teologiese studente verlede jaar die lang pad vanaf Burgersdorp tot in Potchefstroom te perd aangedurf het, is 'n hele aantal perde bygekry. Hierdie perde word op die oomblik net af en toe gery, en die gedagte om 'n ryskool te stig, het as gevolg van hierdie feit ontstaan.

**Ruiterafdelings**

Die volgende word in die vooruitsig gestel as so 'n ryskool gestig word: Optredes op skoue van Gymkhanaspanne, en ook in die wedrenafdelings as daar perde gekry kan word wat vinnig genoeg is; en in die ruiterafdelings. 'n Baie interessante vooruitsig is die toere wat vir die vakansies of naweke gereël kan word, en wat beloof om baie opwindend te wees.

Perdesport is natuurlik 'n baie duur sport, maar selfs hiervoor hoef die studente nie te skrik nie, want as daar genoeg belangstelling is, kan finansiële probleme maklik uitgeskakel word. Die idee is, veral om die kontinuïteit van die klub te bewaar, om persone van buite te kry wat dan as beskermhere sal optree.

Waar die onkoste by ander ryskole gewoonlik wissel tussen R24 en R32 per week vir elke perd, sal dit die studente uitwerk op omtrent R10 per maand, afrigting en onderhoud ingesluit. Hierdie bedrag sal egter kan wissel as 'n eie stuk grond vir die verbouing van voer gevind kan word. Sodra die klub erken is en daar self stalle opgesit is, sal dit ook binne die bereik van enige student wees.

Afrigters sal gekry word om sowel die beginners as die meer gevorderde ruiters af te rig. Daar sal twee tot drie keer per week geoefen kan word, en al die jong boere en boerenooientjies kan maar hulle eie perde laat kom om saam mee afgerig te word.

**Liefde vir perde**

Dit is die een sport waar nie net in die ontspanning van die liggaam voorsien word nie, maar ander en dieper dinge word ook hierby betrek, soos die liefde wat elke ruiter vir die perd leer, en die band wat daar tussen mens en dier kan kom.

Die eerste doelstelling is om te bepaal hoe groot die belangstelling vir so 'n klub is. Belangstellendes word dus gevra om so gou as moontlik hulle name op 'n lys op die kennisgewingbord te gaan skryf. Daar sal 'n lys vir hierdie doel opgesit word.



Prof. Kas Kruger besig aan sy huis. (Foto: Fotokuns)

# *Professor vergroot (sonder foute) sy eie huis*

**WAT 'N MENS darem nie nog by die bewandelaars van die Puk-bodem sal waarneem nie, is die akademie nie werd nie. Proffies op fietse, dosente op motorfietse en bowenal 'n proffie wat sy hand aan hamer, baksteen en sand slaan en siedaar 'n duisend vierkante voet groter huis verrys.**

Prof. Kas Kruger, van die Bantoetale Departement, is die geleerde wat so ywerig en eiehandig sy huis vergroot. Dit is glo ter bevordering van akademiese klimaat.

**Geen foute**

Volgens die wet van gemiddeldes, het ek geredeneer, is alle professore verstrooid. Met hierdie „onbetwisbare" wet gesentraliseer in my gedagtes, het ek met voorbedagte rade 'n kamer gesoek sonder 'n deur. Dit kon ek nie vind nie, nog minder een sonder vensters.

„Dit kan nie waar wees nie," het ek geredeneer. Met hernude ywer het ek voortgesoek, hierdie keer na 'n skewe muur of vloer. Dit was my ook nie beskore om dit te vind nie. (die bouinspekteur wou dit ook nie glo nie. Sy gevolgtrekking het op die faktor van „geluk" berus.)

**Gat in dak**

Moedeloos het ek na my voete gestaar. Sonlig was besig om die olie kol op my skoene droog te bak. Skielik het daar vir my 'n lig opgegaan. Ek het geweet ek sou dit vind, dit kon mos nie anders nie. Die son het deur 'n gat geval, 'n gat waar die dak in absentia verkeer het. Seëvierend, maar tog diplomaties, het ek prof. Kruger se aandag op hierdie groot fout gevestig.

Weer eens is my sogenaamde „onveranderbare wet van gemiddeldes" die duisternis ingewerp: Die Loodgieters het nog nie die pype klaar geïnstalleer nie en so doende is daar nog 'n gat in die dak.

**Professorale snaaksighede**

Van Loodgieters en Elektrisiëns gepraat. Prof. Kruger wou nog verder bespaar (en leer) deur hierdie twee ambagte self te bestudeer en dan in die praktyk toe te pas. Die Munisipale regulasies vereis egter 'n vyfjaar bestudering en beproewing van hierdie ambag. Prof. Kruger moes maar die stryd gewonne gee en dit aan ander mense oorlaat. Hoekom die Munisipaliteit sulke regulasies instel weet geen mens nie. Hulle is seker (wat natuurlik 'n wanidee is)) bang die warm water kom by die kombuislig uit as mens die stoof aanskakel.

Na vele bespiegelinge oor die omverwerping van „die wet van gemiddeldes", het ek tot die slotsom gekom dat 'n waterpas, 'n loodlyn en die uitsondering op die reël die oorsaak daarvan is.

Onwillekeurig wonder mens wat die volgende op die lys van professorale snaaksighede gaan wees.

SOMER- EN WINTERMATERIALE
van die beste gehalte
Spesiale afslag aan studente
BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM
Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321

AS TWEE GROTES
SAAMSPAN
KRY JY
DIE WENSPAN
SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING
Hoofkantoor: Kerkplein 13, Pretoria.
Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.

DIT IS DIE SNIT WAT TEL . . .
* Alba broeke
* Alba pakke
* Monatic hemde
* Battersby hoede
* Gregory sokkies

TOD SUTTIE'S
Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars
Posbus 219 — Kerkstraat 177 Tel. 3411
POTCHEFSTROOM

## DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

'N KOLLEGA van my met 'n rubriek in 'n bekende Afrikaanse weekblad het onlangs gevra waarom kan ons nie in Suid-Afrika ons eie fantastiese sprokies geplaas in 'n eie Suid-Afrikaanse moderne milieu hê nie. Hy sit dan ook skouer aan die wiel en vertel die eerste sprokie.

Kas, ou maat, ek dink jy het iets beet — hierdie keer was jy ernstig. Van nou af gaan ons almal moderne eg Suid-Afrikaanse volkseie, tradisievaste sprokies vertel.

Kom ons vertel een.

Eendag, so 'n jaar of drie, vier of miskien meer, gelede, was daar 'n student aan 'n dinamiese plattelandse universiteit.

Sy naam is irrelevant, maar kom ons noem hom, interessantheidshalwe, Piet.

Piet was 'n beginselvaste Tokkelok en die tradisie van hierdie byna eeuoue universiteit was vir hom baie mooi.

Daarom het hy baie vrae gevra op vergaderings en kon hy intelligent gesels oor politiek en sport en politiek in sport en ander aktuele intellektuele dinge. Hy het hom verkiesbaar gestel vir die bestuur van 'n paar hoofliggame en met onbaatsugtige hulp van sy medetokkelokke is hy verkies.

Hy het goeie werk gedoen en is aan die einde van die termyn gekies as ondervoorsitter van die hoofliggaam.

Die einde van daardie jaar sou twee van die Studenteraadsverteenwoordigers van sy hoofliggaam hulle kursus voltooi en weggaan. Piet het van sy intieme vriende en medewerkers en 'n paar asters in sekere koshuise genader en hulle meegedeel dat hy bereid is om ter wille van die tradisie, goeie sedes en sy vriende, sy vryheid op te offer en homself beskikbaar te stel vir die Studenteraad.

As gevolg van 'n paar mooi stories vertel deur sy medewerkers is Piet verkies tot die Studenteraad, en twee weke later is hy gesien in sy nuwe erebaadjie met die Studenteraadswapen daarop.

Skindertonge het lelike dinge van hom gesê, maar Piet het geweet dit is onwaar. Sy teenstanders het hom gelukgewens en selfs sy hand geskud. Vriende en eerstejaars het na hom opgesien en hom met nuwe respek bejeën.

In die Raadsvergadering was Piet versigtig om nooit te veel te sê nie en hy het altyd veral met die dagbestuurslede saamgestem, behalwe soms oor klein onbelangrike puntjies sodat hulle darem bewus was van hom en altyd met hom moes rekening hou.

Toe, aan die einde van die termyn roep die ondervoorsitter van die Studenteraad hom en na 'n lang gesprek blyk dit dat sowel die ondervoorsitter as die voorsitter nie weer die volgende termyn beskikbaar sal wees nie. Piet word toe meegedeel: „Ons voel dat jy die enigste is op wie die massa sal kan staatmaak wat beleidsake aanbetref. Ons wil jou nomineer vir voorsitter. Teken net hier".

Piet het bewoë geword en gestamel en gestotter. Eindelik het hy homself reggeruk en gesê: „Baie dankie vir die eer. Ek moet julle egter teleurstel. My eerste plig lê teenoor my hoofliggaam. Ek kan nie ter wille van my persoonlike ambisies die vertroue wat hulle in my gestel het skok nie". 'n Traan het oor sy wang gebiggel . . .

Mooi sprokie, nie waar nie?

## WONINGNOOD BY FARMASIE

MET DIE instelling van die nuwe Farmasie-leerplan waardeur studente nou 4 jaar klasdraf en eers in hulle vyfde jaar prakties doen, ontstaan daar heelwat huisvestingsprobleme vir die departement.

Volgens prof. dr. J. Offermeier sal daar aanstaande jaar ongeveer 700 studente wees. Dit sluit dus vanjaar se eerstejaars in, asook dié van volgende jaar en ook almal wat ná prakties terugkom.

Tot tyd en wyl daar 'n nuwe gebou opgerig word, sal daar van tydelike opslaangeboue as lesingsale gebruik gemaak moet word. Die afdeling Farmakologie sal dan later in die nuwe gebou gehuisves word, terwyl Farmaseutika in die huidige gebou sal agterbly.

# *ASTERS HET SIMPATIE MET ALI EN SY SPAN*

**WAT DINK DIE P.U.-studente van die afstel van die kriekettoer of stel hulle nie belang nie? Ons het in een van die dameskoshuise gaan loer en baie uiteenlopende menings gekry.**

Toe aan 'n B.A. II-student die vraag gestel is wat sy daarvan dink, het sy met 'n onbegryplike gesigsuitdrukking verklaar:„ Waarvan praat jy?" Waarskynlik een van die studente wat op haar eie eilandjie van geluk woon.

**Dreig en bedreig**

Een van die Farmasie-studente het verklaar: „Net soos die Britte is, hardloop weg met alles, en laat hulle dreig en bedreig deur al wat leef". 'n Ander se mening was meer nadenkend: „Moontlik het Wilson tog gelyk en skakel hy hierdeur 'n groot klomp probleme vir homself uit. Hy volg in elk geval die veilige weg — en as elke mens nie vir homself sorg nie, sal geen ander na hom omsien nie".

Dat die meeste studente nie onbewus van belangrike sport- en wêreldgebeure staan nie, blyk duidelik uit antwoorde op meningsvrae. So verklaar een van die B.A. Verpleegkunde studente: „Ek weet nie watter skade die afstel van die toer S.A. se krieket gaan aandoen nie, maar is bitter jammer vir Ali Bacher en sy geesdriftige medespanmaats.

**Nie koud nie**

Dat die studente nie koud staan teenoor wat in die wêreld gebeur nie, kan afgelei word uit 'n persoonlike meningsopname, gemaak in die dameskoshuis, toe sowat 60% een of ander mening kon wissel oor die saak, 18% wel bewus daarvan was, en 10% nie geweet het waarom dit gaan nie: 12% is nogtans verontrustend daar die betogings voorkom onder die toekomstige leiers — mense wat besig is met 'n akademiese loopbaan.

**A. VORSTER APTEEK**

Octron-gebou
Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074

**GEE 'N MAN 'N LUCKY!**




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

# 'otchefstroomse simfonieorkes toon goeie vooruitgang

**WAT MUSIEK aanbetref, hoef Potchefstroom vir geen ander dorp in die land agteruit te staan nie. Potchefstroom spog nie alleen met 'n konservatorium met baie talent nie, maar die Potchefstroomse Simfonieorkes is ook iets waarop met reg trots gevoel kan word.**

Hierdie orkes het in 1967 die lig gesien en 'n mens kan die groep mense wat aan die spits van sake staan, net gelukwens met die puik vooruitgang wat die orkes die afgelope paar jaar gemaak het.

**Dirigent**

Om dirigent van 'n orkes te wees, is geen speletjies nie, maar om nog elke week so ver as van Pretoria te kom, is 'n proses waarvoor ons taamlik gemaksugtige volkie terugdeins. Daarom kan 'n mens maar net jou hoed afhaal vir Jos te Groen wat die dirigentstokkie swaai. Hy ry elke week van Pretoria af om die oefeninge te kan bywoon.

Mnr. te Groen is 'n dosent aan die Universiteit van Pretoria in houtblaasinstrumente.

Die P.U. word goed verteenwoordig in die orkes. Die volgende Pukke is lede:

Elize Henning (hobo)
Johann v/d Merwe (trom)
Bettie du Toit (klarinet)
Egmond Coetzee (trompet)
Henning Kruger (fagot)

Dit is opvallend dat die ouderdom van die orkeslede wissel van 10 tot 60 jaar. Daar is heelwat skoliere in die orkes. Selfs die laerskool word goed verteenwoordig.

Professor en mev. Ryke is die organiseerders van die orkes en Annemarie Schulenberg van die konservatorium tree op as konsertmeesteres.

Die program van die orkes sluit in: operamusiek, ligte klassieke werke en selfs verwerkings van swaarder werke soos bv. Beethoven se vyfde Simfonie.

## OU OOSTERSE KUNSVORM HERLEEF

**'N KUNS WAT gedurende die afgelope paar jaar baie bekend geword het, is batik. Dit het ook baie gewild geraak en hoë pryse word daarvoor betaal. Tog is dit nie 'n nuwe kunsvorm nie, maar baie oud.**

Oorspronklik is batikwerk in die Ooste gedoen, veral op die eiland Java. Die oorspronklike manier om materiaal te kleur is deur hierdie mense gebruik om klerdingstukke op te helder. Ons gebruik dit egter as versiering, bv. muurbehangsels en lampskerms.

**Ingewikkelde patroon**

Alhoewel daar nie in moderne batikwerk op dieselfde manier te werk gegaan word as in die Ooste nie, kom dit basies op dieselfde neer. Dit is naamlik 'n lang en op die oog af ingewikkelde proses. As 'n mens egter noukeurig werk en nie oorhaastig is nie, kan enige een wat daarin belangstel om handwerk te doen, sukses behaal. Daar word 'n ontwerp op 'n stuk wit materiaal geteken en die kleure word soos volg aangebring:

Begin by die ligste kleur en werk na die donkerste bv. wit, geel, ougoud, ligbruin, donkerbruin en swart. In hierdie geval word die wit van die materiaal as eerste kleur gebruik. Alles wat wit moet wees word met 'n mengsel van kers- en byewas bedek en dan word die volgende kleur verkry deur die hele doek in kouewaterkleursel te dompel. Wanneer dit droog is word dit wat daardie kleur moet wees weer met was bedek. So word om die beurt met was bedek en in kleursel gesteek totdat alles gekleur is. Om die was te verwyder word die doek net met 'n warm strykyster tussen papiere gestryk, en siedaar..! 'n Pragtige stuk batikwerk.

Daar is 'n groot verskeidenheid van onderwerpe waarvan mensfigure en die natuur baie geslaagd is. Ook moderne ontwerpe lyk baie mooi.

## AKADEMIE IN BEELD

**MAANDAGAAND 18 Mei is 'n foto-uitstalling oor die geskiedenis en werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns geopen deur prof. P. J. Nienaber. Die tentoonstelling duur tot 29 Mei en kan besigtig word in die kunslokaal van die Frans du Toitgebou.**

Die uitstalling, wat bestaan uit om en by vyftig panele, beeld op treffende wyse die stigting en funksionering van die Akademie uit. Ook voorsitters en erelede vanaf die stigting in 1909 se foto's word vertoon. Verder toon dit hoe die Afrikaanse taal, letterkunde, geskiedenis en kuns bevorder is en ook die bevordering van die wetenskap en tegniek. Aan die verskillende publikasies, pryse, erepennings, medaljes en institute van die Akademie word ook aandag gegee.

Hierdie uitstalling is baie leersaam en dit is die moeite werd om daar te gaan inloer.




Prof. Nienaber by die uitstalling van die Akademie in die Frans du Toitgebou. (Foto: Fotokuns)



Ben van der Walt het hierdie foto op 'n mooi herfsmiddag geneem.

# Perkamentpraatjies

## HOËR HOOGTES WAG OP AFRIKAANSE DRAMA

**DIT IS WAT vir my so erg is: dat ons breedsprakerig en vaskloUend aan ons identiteit, so min het wat werklik ons eie is. Dit is veral in die drama van al die kunssoorte waarin 'n mens die weerspieëling van die lewe soos dit in die tyd deur die volk geleef word, sien, of behoort te sien. En dit is hier waar 'n mens ons groot armoede aan dit wat ons eie is, besef.**

Van die nuutste en beste in die Afrikaanse dramaliteratuur is **'n Skip is ons beloof** deur George Louw, **Pa maak vir my 'n vlieër Pa** deur Chris Barnard en **Die nag van Legio** deur P. G. du Plessis. Duidelik in hierdie dramas kry 'n mens die invloed van die res van die Westerse dramaliteratuur.

**Eie interpretasie**

Dit is nie dat die dramaturg ooit mag verwyderd staan van dit wat in die res van die wêreld se drama aan die gang is nie, maar hy moet tog tot 'n eie interpretasie kom, tot 'n eie manier van sê vir die mense vir wie hy skryf. Die vraag ontstaan, of die vervreemdingseffek van Brecht wat so duidelik na vore kom in die teenwoordigheid van die Ou Man, Werner en Pia in **'n Skip is ons beloof,** werklik funksioneel en verantwoord in die drama is.

Moontlik wou die dramaturg ons op 'n afstand hou en laat kyk na sommige van ons voorouers van wie ons moontlik nog helaas insiglose getroue navolgers is. Dieselfde mate van wreedheid teenoor die wat nie net soos ons dink nie soos in dié drama, vind ons nog in ons.

In 'n mate is die vervreemdingseffek wel funksioneel, maar is daar nie 'n ander eie manier wat miskien meer direk tot ons sou spreek nie?

Daar is 'n duidelike verwantskap tussen **Pa maak vir my 'n vlieër Pa** en die absurde teater. Hier kom die sinloosheid van die beangste en verwarde eenrigtingmens van vandag duidelik in 'n goed gestruktureerde drama na vore, maar dit kon net soewel 'n vertaling van 'n Europese drama in die absurde styl gewees het. Kan drama nie miskien té universeel raak nie?

**Wreedheid**

Die ontsetting in P. G. du Plessis se werklik goeie drama laat 'n mens dink aan die teater van wreedheid. Hier is 'n spanning en 'n meedoënlose wreedheid, 'n ruwe werklikheid in die drama wat 'n mens laat vergeet dat teater **eens op 'n tyd ook bedoel was om te vermaak. Of is dit juis vermaak** vir die mens van vandag? Is ons ryp daarvoor? Moet ons vir die teater van wreedheid ryp word?

'n Mens sien dus in ons beste dramas nie dit wat jy daarin soek nie: 'n eie interpretasie. Die Afrikaanse dramaliteratuur het groot werke, groot letterkundige werke van Opperman en Van Wyk Louw, maar min goeie opvoerbare dramas. Wanneer die kombinasie van goeie teater én goeie drama gesoek word in die Afrikaanse dramaliteratuur, bevind 'n mens jou in 'n redelik uitgewerkte myn.

En die min diamante skitter met 'n ander wêreld se glans.

Behalwe natuurlik as ons nog steeds Leipolds se **Heks** neem as kriterium vir ons drama.

**Besinning**

Daar is dan dit wat van ons dramaturge gevra word: nie dat ons in selfverheerliking broei op 'n enkele eier wat ons soms verkeerdelik identiteit noem nie, maar dat daar tot selfkennis en selfbesinning gekom word oor wat werklik eie aan ons is, en dat daardie insig op 'n eie verstaanbare manier aan ons gebring word. Dit gaan nie om kuns om die kuns nie — die kunstenaar is en hy bly lid van die gemeenskap en dit is in en vir daardie gemeenskap wat hy in die eerste instansie skryf.

Laat ons dan op hoogte bly van wat aangaan in die dramaliteratuur van die wêreld, maar nie noodwendig op dieselfde hoogte klim nie. Daar is ander hoër hoogtes wat wag op ontdekking.

Dan eers sal die dekade van sewentig werklik die dekade van die drama in Afrikaans kan word, soos Chris Barnard voorspel het.

## Ampie kom kuier

AMPIE kom kuier! Ampie, dié een karakter wat onvergeetlik en enig in ons letterkunde is en geskep is deur Jochem van Bruggen.

Ampie, wat verwerk is deur Francois Swart, word op 11 Julie in die Stadsaal opgevoer.

Marius Weyers speel die rol van Ampie en die opvoering staan onder die leiding van Francois Swart. Ander bekende name in die rolverdeling is Katinka Heyns in die rol van Annekie, Tant Grieta Booysen word deur Tine Balder vertolk, Goor Dawid deur Louis van Niekerk en Pa Tys deur Schalk Jacobsz.

**Bespreking kan gedoen word by Pro Rege.**





Al's is beter met groot, groot Coke

Coca-Cola
HANDELSMERK GEREG.

BESPAAR! MET GROOT KING SIZE!

Gebottel onder magtiging van The Coca-Cola Company deur:
SUNCRUSH

DIE BULT DROOGSKOONMAKERS
Spesiale diens
Voor 12 vm. dieselfde dag
Kollektante in koshuise

# SO VAAR DIE PUKKE

**Rugby — Eerstes:**
P.U. 41; Lichtenburg 3.
P.U. 22; Rustenburg 11.

**Tweedes:**
P.U. 18; Lichtenburg 3.
P.U. 18; Rustenburg 16.

**Derdes:**
P.U. 12; Lichtenburg 6.
P.U. 9; Rustenburg 14.

**Vierdes:**
P.U. 3; Rustenburg 0.

**Puntestand:**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| R.P.M. | 6 | 5 | 1 | 0 | 10 |
| Strathvaal | 5 | 4 | 0 | 1 | 9 |
| UNIVERSITEIT | 5 | 4 | 1 | 0 | 8 |
| Rustenburg | 5 | 4 | 1 | 0 | 8 |
| Potch. Dorp | 5 | 3 | 2 | 0 | 6 |
| Goldfields | 6 | 3 | 3 | 0 | 6 |
| Klerksdorp | 5 | 2 | 2 | 0 | 4 |
| Westelikes | 6 | 2 | 4 | 0 | 4 |
| P.O.K. | 3 | 1 | 2 | 0 | 2 |
| Western Reefs | 6 | 1 | 5 | 0 | 2 |
| Sasolburg | 6 | 1 | 5 | 0 | 2 |
| Lichtenburg | 6 | 1 | 5 | 0 | 2 |

**o./20:**
P.U. o./20 A 20; Weermag o./20 A 3.
P.U. o./20 B 6; R.P.M. o./20 16.

**Koshuisliga (16 Mei):**
Dawie Dup A 9; Hombré A 8.
Dawie Dup B 11; Hombré B 6.
Kompleks A 14; Dorp A 11.
Kompleks B 11; Dorp B 0.

**Koshuisliga (20 Mei):**
Drakenstein A 13; Hombré A 5.
Drakenstein B 9; Hombré B 0.
Kompleks A 14; Over de Voor A 9.
Kompleks B 5; Over de Voor B 6.
Dawie Dup B —; Dorp B 0.

**Puntestand (A-liga):**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| Kompleks | 5 | 3 | 1 | 1 | 7 |
| Dawie Dup | 3 | 3 | 0 | 0 | 6 |
| Hombré | 4 | 2 | 2 | 0 | 4 |
| Drakenstein | 4 | 2 | 2 | 0 | 4 |
| Dorp | 3 | 0 | 2 | 1 | 1 |
| Over de Voor | 3 | 0 | 3 | 0 | 0 |

**B-liga:**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| Dawie Dup | 4 | 4 | 0 | 0 | 8 |
| Dorp | 4 | 2 | 2 | 0 | 4 |
| Over de Voor | 3 | 2 | 1 | 0 | 4 |
| Drakenstein | 4 | 2 | 2 | 0 | 4 |
| Kompleks | 5 | 2 | 3 | 0 | 4 |
| Hombré | 4 | 0 | 4 | 0 | 0 |

**C-liga:**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| Over de Voor | 2 | 1 | 0 | 1 | 3 |
| Drakenstein (1) | 2 | 1 | 1 | 0 | 2 |
| Drakenstein (2) | 2 | 0 | 0 | 1 | 1 |

**Manshokkie:**
P.O.K. 2; P.U. 1.

**Sokker:**
P.U. 2; Strathvaal 1.
P.U. 2; Stilfontein 2.

**Korfbal — Eerstes:**
P.U. 38; P.O.K. 25.
P.U. 30; Western Reefs 39.

**Tweedes:**
P.O.K. 75; P.U. 19.
Western Reefs 51; P.U. 4.
Klerksdorp 25; P.U. 19.

**Dameshokkie:**
P.U. I 3; P.O.K. I 1.
P.U. II 1; P.O.K. II 2.

**Skerm:**
Wits 57; P.U. 22.

**Landloop — Ligabyeenkoms (16 Mei):**
Mans: 1. F. van Zyl (P.U.), 2. G. van Eck (P.U.), 3. P. Laubscher (P.U.).
Juniors: 1. F. Schutte (P.U.), 2. D. Lodewyk (P.U.), 3. C. Merkotz (Strathvaal).
Vroue: 1. A. Lampbrechts (Strathvaal), 2. B. McKenzie (Strathvaal), 3. M. Aucamp (Strathvaal).

# DIE PUKKE KAN NOU NESERBEKER WEN

**NOG SO 'N skittersege en die Puk is goed op pad na die Neserbeker. Na hulle oorwinning van 22—11 teen Rustenburg, is dit tans nog net Strathvaal wat voor die Pukke in die liga is. Rustenburg was natuurlik voor Saterdag die enigste onoorwonne span in die liga.**

Daarbenewens gaan dit vanjaar nie juis waffers met Strathvaal nie. Voor verlede week het hulle erg gesukkel teen die swak span van Pote. Dit sal egter harde werk kos om met spanne soos Klerksdorp, Potch Dorp en R.P.M. af te reken.

Die wedstryd teen Rustenburg is met baie huiwering aangepak. Vyf spelers moes vir die Wes-Transvaalse spanne uitdraf. Die plaasvervangers het egter hulle man gestaan en die tabakboere is deeglik uitgetrap.

Soos gewoonlik was die grondslag vir die oorwinning weer voorlangs gelê, want die Pukke laat hulle deesdae nie meer afskrik deur hulle teenstanders se gewigsvoordeel nie. Dawid van Aswegen was weer 'n doring in die lynstane en vaste los en Hennie Coetzee het sy teenstander vir die soveelste keer in die grond geskrum.

**Hennie Coetzee maak eintlik deesdae 'n gewoonte daarvan om sy teenstander in die grond te boor. Hierdie kêrel is werklik sterk en het vanjaar nog nie sy moses teegekom nie.**

Agterlangs was Jannie Barnard weer eens die uitblinker. Hy het telkens gebreek en twee keer het dit op drieë uitgeloop. Dis reeds duidelik dat hierdie kêreltjie die vermoë het om 'n wedstryd te dikteer.

Die Puk se gewese skakelpaar, Piet Roodt en Henk Coetzee, het goed gevaar as senters. Dit was veral verblydend om te sien hoe Coetzee na die buitegapings soek. Piet Roodt se rotsvaste verdediging het weer beindruk.

**Johan Kriek**

Johan Kriek, wat nou van sy beserings herstel het, het beïndruk as heelagter. Daar kan nog 'n interessante tweestryd tussen hom en Charles Venter, om die laaste vesting ontstaan. Kriek se skoppe is goudwerd vir enige span, maar Charles beskik weer oor die vermoë om bewegings van agteraf te begin. Daarbenewens is hy self 'n redelike skopper.

Kriek was vir dertien van die Puk se punte verantwoordelik toe hy twee vervyfskoppe en drie strafdoele deur die pale gejaag het. Die ander punte is deur Jannie Barnard, Tiaan Coetzee en Gerrit Botha, met drieë aangeteken.

Vir Rustensburg het Lewis twee drieë en Broodryk 'n vervyfskop en strafdoel behaal.

# Gekies vir Wes-Transvaal

VIER VAN die Puk se hokkiespeelsters is verlede Saterdag gekies vir die Wes-Transvaalse span. Hulle is mejj. B. Lordan, A. Venter, J. Slabbert en P. Pretorius. Mej. Lordan is ook aangewys as onder-kapteine van die span.

# *Wegholsege vir Puk*

**SO IETS het Lichtenburg lanklaas gesien. Puik samespel tussen voor- en agterspelers was eens te veel vir die tuisspan en die Puk het hulle met 41—3 verpletter.**

Dit was 'n glimlaggende mnr. Andrew Bird wat die manne in die kleedkamer gelukgewens het. Verskeie nuwe kombinasies is in die wedstryd op die proef gestel en dit het almal gewerk.

Skielik was daar volop slaankrag in die Puk agterlyn. Die nuwe skakelpaar, Jan Barnard en Schalk van der Merwe, het hulle driekwarte oordeelkundig en vinnig weggestuur en die vleuels het volop hardloopkans gekry. Deurgaans is daar op volle vaart beweeg en verskeie taktiese bewegings is met vrug uitgevoer.

Voorlangs is die tuisspan ook deeglik vasgevat en dit was 'n plesier om te sien hoe die manne vorentoe dryf. Neels de Bruin het 'n skitterende buiging in die eerste span gemaak en nie minder as drie drieë gedruk nie. Hy is goed bygestaan deur Bernard Bernardo en Dawid van Aswegen.

**Nuwelinge**

Wat die nuwelinge betref, het almal 'n goeie buiging gemaak. Jannie Barnard en Schalk van der Merwe het goed gekombineer en oordeelkundig gespeel. Albei Barnard se breekslae het op drieë uitgeloop.

Bert Saayman het sy teenstander na willekeur geklop en Charles Venter was glad nie ontuis op heelagter. Laasgenoemde het die hart van 'n leeu en sy swenklopies van agter af, het die tuisspan grys hare besorg.

**Henk Coetzee het op senter ook niks verkeerd gedoen nie. Geleenthede om te breek was daar nie en hy het maar as 'n skakel opgetree.**

Die Puk se punte is aangeteken deur Neels de Bruin (3), Bert Saayman (2), Piet Brand, Bernard Bernardo en Charles Venter met drieë, terwyl Charles Venter ook met 'n strafdoel en sewe vervyfskoppe geslaag het. Venter het dus altesaam 20 punte aangeteken.

# KAMPIOENE NOG NIE ONTTROON

**HELOÏSE BURGER en Johan Malan, verlede jaar se enkelspelkampioene, het weer eens deurgedring tot die eindrondtes van die P.U. tenniskampioenskappe.**

**Mej. Burger was een te veel vir haar opponente en het geen moeite ondervind om tot in die eindrondte te vorder. Verlede Saterdag in die halfeindrondte, het sy Gene Fourie met 6—0, 6—1 gewen.**

Retha Smith sal weer soos verlede jaar teen Heloïse in die eindrondte te staan kom. Sy het haar halfeindwedstryd teen Helena Schoch met 6—1, 6—4 gewen. Mej. Schoch, 'n nuweling, was beskou as die speelster wat dalk vir 'n verrassing kon sorg.

**Johan Malan het tot die eindrondte deurgedring sonder om aan 'n halfeindwedstryd deel te neem, nadat Pieter de Villiers moes onttrek. In een van die vroeëre rondtes moes hy egter hard spook om met Andre Roux af te reken, toe hy slegs in drie stelle kon wen.**

In die ander halfeindwedstryd het Nico Botha vir Elmo Ferreira met 6—2, 6—4 verslaan. Dit wil voorkom asof Botha se spel aansienlik verbeter het sedert die Wes-Transvaalse kampioenskappe.

'n Kenmerk van die huidige toernooi is die groot aantal spelers wat nie hulle bepalings nagekom het nie. Om een of ander rede is die toernooi besonder lank uitgerek en het van die spelers skynbaar belangstelling verloor. Die einde is egter in sig en die eindrondtes vind Saterdag 6 Junie op die Pukbane plaas.

Veral die stryd tussen Malan en Botha, in die mansenkelspel, kan vir goeie tennis sorg.

# *HOKKIE VRA AFRIGTING*

**VANDEESWEEK WIL ons die hoed hoog lig vir die manshokkieklub. Hierdie manne voer regtig 'n opdraande stryd om aan die gang te bly. Probleme is daar baie, maar weinig simpatie.**

Volgens mnr. Chris Vosloo, voorsitter van die klub, is daar tans sowat 25 lede. Dit gaan egter bars om hulle belangstelling lewendig te hou en wel om verskeie redes.

Eerstens is dit 'n erkende feit dat hokkie op die Afrikaanse skole misken word. Slegs enkele skole in die stede stoot hokkiespanne in die veld. Klein Jannie van Sannieshof maak egter net met rugby kennis en moet op die Puk leer hokkie speel.

Daarvoor is egter deskundige afrigting nodig en so iets bestaan daar op die oomblik nie. Volgens mnr. Vosloo is die kanse ook maar skraal om in die toekoms wel sulke afrigting te bekom. Sodoende gaan baie belowende talent verlore.

Selfs diegene wat vertroud is met die spel, kan baat by afrigting. Die manne kon vanjaar nog nie 'n wedstryd wen nie en dis glad nie bevorderlik vir die spangees nie. Hokkie is immers 'n spanspel en daar moet tog iemand wees om die spelpatroon te bepaal.

## op eie werf

**Oefening**

**Intussen het mnr. Gert Scholtz, afrigter van die atletiekklub, met nog 'n skitterende idee vorendag gekom. Hy bied weekliks nou 'n rondteoefeninge aan om ons sportmanne fiks te kry.**

Hierdie oefeninge vind Donderdagmiddae in die L.O.-saal plaas en word reeds gereeld bygewoon deur die atlete. Lede van ander sportklubs is egter ook welkom om te kom saamoefen.

**Tennis:**

Halfeindrondtes (mans-enkelspel): J. Malan het 'n loslootjie (P. de Villiers onttrek), N. Botha klop E. Ferreira 6—2, 6—4 (dames-enkelspel) H. Burger klop G. Fourie 6—0, 6—1, R. Smith klop H. Schoch 6—1, 6—4 (mans-dubbelspel) Botha en Conradie klop Marnewick en Roux 7—5, 3—6 en 6—1 (dames-dubbelspel) mejj. Adendorf en Van der Merwe speel in die eindrondte teen mejj. Smith en Rencken, nadat albei pare se teenstanders aan die halfeindwedstryde onttrek het.

**Interuniversitêr:**
Maties 12; Ikeys 3.
Tukkies 24; Wits 8.
U.P.E. 17; Rhodes 6.
N.K.P. 23; P.O.K. 8.

**BRIEWEBUS**

„Moaner" Piet Groblerhuis: U brief is nie onderteken (Lesers moet briewe onderteken en dit moet vergesel wees van, hulle adresse. Dit geld ook waar die skrywers hulle briewe onder 'n skuilnaam geplaas wil hê — Red).

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
GEBAK DEUR
Turkstra
BAKKERY
ook te kry by u kafeteria

# PUK VERLOOR NAELSKRAAP TEEN NATAL

**IN EEN VAN die spannendste wedstryde wat in 'n lang tyd op Olënpark gesien is, is die Pukke verlede Woensdag deur Natal Universiteit met 13—12 geklop. Teen die einde het die Pukke verwoed aangeval, maar deurkomkans was min.**

Die Natallers verdien egter lof vir die wyse waarop hulle aan hulle voorsprong geklou het. Op daardie stadium het die Puk sake voorlangs oorheers, maar die kruisverdedigers was altyd daar om te red.

As die Pukke in daardie stadium oor 'n betroubare skopper beskik het, kon die uitslag ook dalk anders gewees het. Vyf manne het probeer, maar niemand kon 'n skop oorkry nie.

Aanvanklik was die Pukke ook sterk op die aanval. Gerrit Botha het gedruk na 'n hoekskop van Schalk van der Merwe en Piet Brandt het 40 tree genael vir 'n pragdrie.

Natal het egter die res van die wedstryd oorheers. Hulle was deurgaans eerste by die losbal en vandaar is talle gevaarlike bewegings geloods. Die Pukke was te stadig om besit uit die losskrums te verkry.

Ook in die lynstane het die besoekers goed gevaar. Hulle het van slim klaptaktiek gebruik gemaak, terwyl Brandt en Van Aswegen gesukkel het om die bal skoon te bemeester.

**Piet Brandt**

Sonder besit van die losbal het daar dus nie veel gekom van die Puk se voorspelerstormlope nie. Piet Brandt het soms weggebars met die bal, maar die ondersteuning het ontbreek.

Agterlangs kon die Puk ook nie in rat kom nie. 'n Paar lelike blapse onder druk, het mens laat smag na asem. Gelukkig het Schalk van der Merwe, Frans Kruger en Henk Coetzee goed verdedig, anders was die telling nog hoër.

Charles Venter het op heelagter ook nie 'n voet verkeerd gesit nie. Mens wonder egter of hy nie dalk sal moet plek maak vir 'n beter skopper nie.

Die besoekers was deurgaans bereid om die bal rond te gooi en al die drieë is deur driekwarte gedruk. Dis werklik 'n plesier om te sien hoe foutloos die manne beweeg.

Veral die een vleuel, C. Gibson, het beïndruk met sy doelgerigte lopies.

Vir die Puk het Gerrit Botha (2), Piet Brandt en Jannie Barnard, drieë gedruk maar nie een is vervyf nie. Vir Natal het Edkins, Gibson en De Lange gedruk, terwyl Van Rooyen met twee vervyfskoppe geslaag het.

## Dalk weer kampioen



Die speler wat so ywerig oefen is Johan Malan, wat vanjaar weer tot die eindronde van die P.U. kampioenskappe deurgedring het. Hy is die huidige enkelspelkampioen.

## JONGES TOON KRAG

**OOR HIERDIE oorwinning kan ons sommer baie trots voel. Dis nie sommer enige span wat die span van die Heidelbergse Leërgimnasium met 23—9 kan verslaan nie. Ons praat natuurlik nou van die onder 20-span se wedstryd verlede Woensdag teen die room van die Weermag.**

Daarmee het die Pukke ook bewys dat hulle wegholoorwinning in die Wes-Transvaalse ligas, geen gelukskoot was nie. Dis nie die ander spanne wat so swak is nie, maar die Pukke wat so sterk is.

Die Puk het natuurlik in sy eerste vyf ligawedstryde reeds 212 punte aangeteken teenoor 'n skrale 18. Daar benewens was daar nege Pukke in die Wes-Transvaalse onder-20 span wat verlede week teen Noord-Vrystaat gespeel het.

Wat Woensdag se wedstryd aanbetref, was dit te los om mooi te wees. Die voorspelers het met tye mooi toegemaak, maar dan weer laat slaplê.

Agterlangs is daar sommer baie talent. Albei senters, O. Oosthuizen en E. van Wyk, het mooi deur die gapings geglip en die vleuels, M. Kruger en H. Nelson, het self bedruk.

Daarby is Johan Hunter 'n netjiese losskakel. Hy wil egter te veel self met die bal doen en laat sy senters dan honger ly.

## PUKKE WAT PRESTEER

# *JANNIE BARNARD*

**TWEE JAAR gelede het die Puk oor een van die belowendste skrumskakels in die land beskik, maar dit nie besef en benut nie. Vanjaar is hy egter terug en daar word gretig van sy dienste gebruik gemaak.**



Hierdie kêreltjie is natuurlik Jannie Barnard, voormalige Oos-Transvaalse skrumskakel, wat tans vir die Theos speel. Hy is dan ook die eerste sportster wat in hierdie rubriek bekend gestel word. In 1967 was hy 'n eerstejaar aptekerstudent aan die Puk.

Barnard het eers in matriek aan die Hugenote Hoërskool, ernstig begin skrumskakel speel. Voorheen was hy 'n losskakel en sedertdien is hy nog dikwels op ander plekke ingespan.

Trouens in 1966 in die Lugmaggimnasium, en in 1967 op die Puk, is hy nooit as skrumskakel gebruik nie, maar as senter of losskakel. Dit was ook in hierdie posisies dat hy die Wes-Transvaalse o/20 span gehaal het.

**Dit was eers in 1968, toe hy in Springs as vakleerling in 'n apteek werksaam was, dat hy weer agter die oond begin speel het. Verlede jaar het hy dan ook vir Oos-Transvaal begin speel en is dadelik as baie belowend bestempel.**

Vanjaar tydens die Pukproewe, is hy ernstig beseer en het hy eers laat vanjaar begin speel. Aanvanklik wou dinge nie vlot nie, maar in die tweede span se wedstryd teen Sasolburg, het hy skielik vlamgevat. Kort daarna was hy dan ook in die eerste span.

Eersdaags speel die die Puk teen Strathvaal en dan weeg hy teen Dirk de Vos op. Barnard se diens is vinnig en suiwer en hy skop goed. Nes De Vos kan hy ook gevaarlik breek en hy was dan al vanjaar vir 'n hele rits drieë verantwoordelik.

## A NEE A!

## DAWIE DU PLESSIS

**DIE KOSHUISSPANNE se trotse rekord in die Wes-Transvaalse ligas het verlede naweek 'n harde knou weg. Dawie du Plessis, wat tans die enigste onoorwonne span in die koshuisliga is, is met 14—9 deur Rustenburg verslaan. Dit is die eerste keer dat 'n koshuisspan in die derde liga verloor.**

Skynbaar voel die rugbybase nie baie gelukkig daaroor nie. Dit gaan egter nie om die neerlaag nie, maar om die gesindheid waarin die wedstryd aangepak is. Talle van Dawie Dup se staatmakers het aan die span onttrek om die intervarsity in Johannesburg te kon bywoon, en net 13 spelers het op Rustenburg opgedaag. Dit was eintlik 'n baster tweede span wat teen Rustenburg verloor het.

Die vraag ontstaan nou of die koshuisspanne nie ook 'n verpligting teenoor die Puk het nie. Alle koshuisspelers is immers ook lede van die rugbyklub en daarom is die klub geregtig op hulle dienste. Boonop is dit onsportief teenoor die ander koshuise wat almal hulle wedstryde gewen het.

## FANIE DALK LAASTE

**IS FANIE VAN ZIJL dalk die laaste Puk wat op 'n oorsese sporttoer vertrek. Hy is naamlik ingesluit in die Springbok-atletiekspan wat aanstaande maand na België en Griekeland gaan.**

Te midde van Suid-Afrika se toenemende sportisolasie, kan dit dalk die laaste oorsese atletiektoer wees.

Hierdie span, bestaande uit Van Zijl, Dicky Broberg, Danie Malan, Emile Russouw, Bertie Binneman, Peter Rich, Dave Langley en Sakkie van Zyl, vertrek die 9de Junie na Athene. Daar sal hulle op die 13de Junie aan 'n groot internasionale byeenkoms deelneem, voordat hulle na Brussels gaan vir die Belgiese kampioenskappe op die 28ste Junie.

**Fanie het egter so byna nie hierdie toer meegemaak nie. Hy is genooi aan 'n reeks Europese byeenkomste deel te neem onder die vaandel van die Roht-Weiss atletiekklub. Die eerste van hierdie byeenkomste vind al die 24ste Junie plaas.**

Van Zijl het toe 'n versoek aan die Suid-Afrikaanse Atletiekunie gerig om nie na Griekeland te gaan nie, maar eers in Brussels by die span aan te sluit. Hierdie versoek is geweier en die vraag het ontstaan of Van Zijl dalk aan die span sou onttrek.

'n Ander oplossing is egter gevind en Van Zijl sal nou wel die toer kan meemaak. Die S.A.A.A.U. het toegestem dat Fanie die span tydelik verlaat om in Duitsland te gaan deelneem.

Na afloop van die byeenkoms in Brussels sal Van Zijl dus nie na Suid-Afrika terugkeer nie, maar by die Duitse klub aansluit. Hy hoop om dan in verskeie Europese lande, waaronder Engeland en Switserland, aan byeenkomste deel te neem.

**DIE WAPAD word gedruk vir die die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11 Potchefstroom. Tel. 3245.**

**U kan gerus u bande versool by . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**



**'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK**

**Groot voorraad**

**★ NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die**

**★ GOODYEAR G 800 loopvlak**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**